#HoeNou?! – Episode 3: Toffieteken

Waar kom toffies vandaan en hoekom noem ons dit toffies?

Toffie (ook bekend as tameletjie) is ’n lekkerny wat bekend is in elke Suid-Afrikaanse huis. Maar wanneer het mense vir die eerste keer toffies begin maak? Wat is die verskil tussen toffie en tameletjie?

Het jy geweet?

- Die oudste optekening van die Engelse woord *toffee* in die Oxford English Dictionary dateer uit 1825, as variant van die woord *taffy* uit 1817.
- Toffie het eers aan die begin van die 19e eeu gewild geraak en só begin bekend staan. Hoe weet ons dit?
    - Wat is die belangrikste twee bestanddele van toffie? **Suiker** en **botter**
        1. Eers met die aanbreek van die **Industriële Rewolusie** (vanaf 1760 tot 1830) word botter op groot genoeg skaal vervaardig sodat dit mildelik gebruik kan word.

        2. In dieselfde tydperk begin suiker ‘n baie meer toeganklike gebruikskommoditeit te word, danksy suikerproduksie in die Wes-Indiese kolonies.

Is ons Afrikaanse *toffie* dus ’n leenwoord uit Engels, of waar kom ons daaraan? Wat is die eintlike Afrikaanse woord?

- Die oorsprong van dié woord is onbekend, maar kom waarskynlik uit die woord *tafia* (1763), 'n rumagtige likeur wat uit molasse gemaak is – hetsy in die Wes-Indiese eilande of Maleisië.

    - Ander teorie: Uit Kreoolse woord wat verwys het na ’n mengsel van suiker en molasse (geen verdere bewyse).

    - Ander teorie: Ontstaan uit die woord “tough”, wat verwys na hoe moeilik dit is om dit te eet.

- Naas die leenwoord *toffie* het ons ook nog ***tameletjie*** – ’n leenwoord uit Nederlandse *tabletje* (soos ons nog kry in *hoesttablet*).

- Volgens Leipoldt in *Polfyntjies vir die proe* (1963:151):

Hy beskryf die gereg dan as “gesmelte suiker wat in lae gemeng word met onthulde dennepitte, ’n grypie gestampte pypkaneel en groenamandelneute” (pistachio).

“Dit is 'n soort lekkergoed wat ons vandag nie meer kry nie. Maar koddig genoeg het ek die ou resep in een van my middeleeuse kookboeke teengekom.” Vir Kersfees het my ma vir my polfyntjies gegee.

“Die tameletjie is dus een van die oudste lekkersoorte wat aan ons bekend is en is seer seker afkomstig uit China, waar suiker van die vroegste tye af goed bekend is.”

- *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*:

  tameletjie s.nw.

  1.Taai lekkergoed van suiker en botter. 2. Gedroogde maalvrugte. 3. Netelige kwessie, probleem.

  In bet. 1 vervorm uit Ndl. *tabletje* (1671) 'plat koekie'. Bet. 2 en 3 het in Afr. self ontwikkel. Vir die oorgang van *b* na *m* verwys Mansvelt (1884) na Ndl. *kamenet*, *kammenet*, *kamnet* (vgl. ook *WNT*) uit *kabinet*, en Boshoff - Nienaber (1967) na *karmenaadjie* naas *karbonade*.

  Vanuit vroeë Afr. in SA Eng. (1838 in bet. 1) en vanuit Afr. in SA Eng. (1970 in bet. 2).

BRON- EN EIENDOMSREG: GERHARD VAN HUYSSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.